Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Chandre Small**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Chandre.Small@westerncape.gov.za | 021 467 2336

Lêerno.: 19/3/P
Verwysing: 20250513-2913

Assesseringsbestuursminuut: 0007/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Bekendstelling van pasgemaakte antwoordboeke vir Wiskunde Vraestel 1, Tegniese Wiskunde Vraestel 1 en Wiskundige Geletterdheid Vraestel 1 en 2 vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens in Mei/Junie en Oktober/November 2025**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het Omsendbrief E07 van 2025, gedateer 08 April 2025, van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang om skole in kennis te stel van die implementering van pasgemaakte antwoordboeke vir Wiskunde Vraestel 1, Tegniese Wiskunde Vraestel 1 en Wiskundige Geletterdheid Vraestel 1 en 2 vir die NSS-eksamens in Mei/Junie en Oktober/November 2025.

2. Die DBO het voorheen pasgemaakte antwoordboeke vir die volgende vraestelle bekendgestel:
   - Rekeningkunde Vraestel 1 en 2
   - Musiek Vraestel 1
   - Wiskunde Vraestel 2
   - Tegniese Wiskunde Vraestel 2

3. Die DBO sal pasgemaakte antwoordboeke vir die volgende addisionele vraestelle vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2025 bekendstel:
   - Wiskunde Vraestel 1
   - Tegniese Wiskunde Vraestel 1
   - Wiskundige Geletterdheid Vraestel 1 en 2

4. Die voordele van pasgemaakte antwoordboeke sluit die volgende in:

4.1 Verbeterde bestuur van grafieke: In alle wiskundige vakke word die grafieke aan die vraestelle vasgekram en dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om dit van die vraestel los te maak en aan die antwoordboek vas te kram nadat dit voltooi is. Daar was talle gevalle waar kandidate nie die grafieke losgemaak het nie, of waar dit tydens die nasienproses verlore geraak het. Die pasgemaakte antwoordboeke sal dus verseker dat die grafieke by die antwoordboek ingesluit word.

4.2 Die insluiting van addendums vir Wiskundige Geletterdheid in die pasgemaakte antwoordboeke: In Wiskundige Geletterdheid sal die addendums nou by die pasgemaakte antwoordboeke ingesluit word en nie meer as aparte dokumente nie, wat moontlike probleme met drukwerk en verpakking sal oplos.

4.3 Die volgorde van leerders se antwoorde sal konsekwent wees: Die vrae in die pasgemaakte antwoordboeke is in chronologiese volgorde genommer en dus hoef kandidate nie meer die vrae met die hand te nommer nie. Dit verseker dat vrae in chronologiese volgorde bly en die waarskynlikheid van foute tydens die nasienproses word dus verminder.

4.4 Die vereenvoudiging van die nasienproses: By nasiensentrums ontvang nasieners een dokument waarmee hulle moet werk – die pasgemaakte antwoordboek – eerder as om met addisionele antwoordblaaie en grafiekpapiere te werk. Dit vereenvoudig die nasienproses en verminder potensiële verwarring.

5. Die voorbeelde van hierdie antwoordboeke wat saamgestel is sluit die Oktober/November 2024-vraestelle van die vakke, soos na in paragraaf 2 verwys, in. Hierdie antwoordboeke sal opvoeders en leerders help om vir hierdie vakke, wat in die Oktober/November 2025-eksamen geskryf sal word, voor te berei. Die kandidate vir die Oktober/November 2025-eksamen sal twee stelle pasgemaakte antwoordboeke ontvang om hulself met die nuwe formaat vertroud te maak.

6. Voorbeelde van hierdie antwoordboeke is by hierdie minuut ingesluit en is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

7. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-05-23